INFORMASIETEGNOLOGIE

INFORMATION TECHNOLOGY

KUBERSEKURITEIT-BEWUSTHEIDSMAAND: ALGEMENE WAGWOORDE

Datasekuriteit wêreldwyd is die afgelope twee jaar ? stewige knou toegedien met ? groot getal wyd-gepubliseerde kuberkraak-insident, databreuke en afpersing-insidente.

SplashData publiseer jaarliks ? lys van die algemeenste wagwoorde. Die lys word saamgestel deur data te gebruik van meer as vyf miljoen wagwoorde wat uitgelek is deur kuberkrakers in 2018. Die enigste gevolgtrekking waartoe ons kan kom as ons na die lys kyk, is dat ons steeds nie leer uit ons foute nie.

Wagwoorde wat maklik is om te raai word steeds deurlopend gebruik om belangrike inligting te beskerm. “123456” en “password” staan steeds sterk in die eerste en tweede plek op die lys — vir die vyfde jaar opeenvolgend. Daarbenewens maak die twee swakste wagwoorde ook deel uit van ses ander wagwoorde op die lys.

SplashData raai dat ongeveer 10% mense ten minste een van die 25 swakste wagwoorde op dié jaar se lys gebruik en amper 3% gebruik die swakste een — 123456

Hier is die lys van die top 10 wagwoorde vir 2018:

1. ***123456***
2. ***password***
3. ***12345678***
4. ***qwerty***
5. ***12345***
6. ***123456789***
7. ***letmein***
8. ***1234567***
9. ***football***
10. ***iloveyou***

*? Ander populêre keuse is **1q2w3e4r5t.**Dit mag redelik kripties lyk, maar as jy na jou rekenaar se sleutelbord kyk is dit maklik om te raai.*

Die meeste rekenaargebruikers onderskat steeds die belangrikheid van ? sterk, veilige wagwoord en gebruik steeds eenvoudige woorde of nommers as hulle wagwoorde.

> *“Passwords are the only control you have to secure your data with most systems these days. If your password is easily guessed by someone, then the person essentially becomes you. Use the same password across services and devices, and they can take over your digital identity." Shaun Murphy, CEO of*SNDR*.*

In die volgende artikel vir Kubersekuriteit-bewustheidsmaand kyk ons hoe om ? sterk wagwoord te kies wat jy ook maklik sal onthou.



Posted in:Kuberstrikroof,Sekuriteit,Wenke | Tagged:Awareness,Cyber Security,Month | With 0 comments